Die Posduif
Nuusbrief van die NG Kerk Parys-Wes

NG KERK PARYS-WES

***Visie:*** *Gedring deur God se Liefde leef ons om Hom te verheerlik*
***Missie :*** *Koinonia, Geloof en Getuienis*

Jaargang 26 4de Kwartaal 2025

## DIE VERLOSSER SE SEISOEN - Lukas 1:46-55

Ons is amptelik in "silly season" - die tyd van die jaar waar daar net chaos is waar mens kyk. Baie mense ervaar diefstal of geweld. Mense op die paaie bestuur erger as vantevore, daar is ook baie onmin in die lug. Ons is moeg. Die jaar was besig, dreinerend en rof. Baie van ons kyk na hierdie laaste maand van die jaar en voel moedeloos omdat ons nog nie alles bereik het wat ons hierdie jaar wou bereik nie.

Van ons voel dat ons alles in hierdie jaar ingesit het, maar dat dit tog nog steeds nie goed genoeg was nie. Party van ons sien op na die vakansie omdat ons alleen gaan wees; miskien het ons nie regtig mense in ons lewens nie of miskien kom ons nie oor die weg met ons familie nie. Van ons is nou weer opgewonde om met vakansie te wees, maar is miskien bekommerd oor die misdaad of die lysie van dinge wat nog nie afgehandel is nie. Soveel dinge wat ons na die lewe laat kyk asof die "glas halfleeg" is.

Maria, die moeder van Jesus, was maar 'n jong meisie (tussen 12-16 jaar oud) uit 'n klein dorpie toe sy verloof geraak het aan Josef. Sy het nog nie eers die lewe behoorlik ervaar nie en was nou op die punt om iemand se vrou te word. Nog voordat sy die geleentheid kon kry om met Josef te trou, het 'n engel van God aan haar verskyn om vir haar die boodskap te bring dat sy swanger gaan word met die Verlosser van die heelal. Dink net wat se skok die nuus vir hierdie jong meisie moes gewees het en boonop dat sy, wat nog 'n maagd was, 'n kind gaan kry.

Die nagevolge vir 'n meisie/vrou wat buite die huwelik swanger geword het, is as skandelik beskou en sy kon dalk van haar familie afgesny en selfs dood gemaak word. Dit sou dus verstaanbaar gewees

het as Maria na die situasie gekyk het asof die "glas halfleeg" is.

Maar, soos ons in die verhaal lees en later Maria se loflied hoor, besef ons dat sy eerder 'n "glas halfvol"- perspektief gehad het. Dit was grotendeels omdat sy geglo het dat God vir haar sou sorg. God se engel het dan juis vir haar gesê dat sy nie bang hoef te wees nie. Sy het vertrou op die Here se genade en in Sy perfekte plan. Sy kon sien watse geskenk en voorreg dit was om as die ma van die Verlosser gekies te word.

*Maria het toe gesê:*
*"My siel loof die Here,*
*my gees jubel oor God my Verlosser,*
*want Hy het die nederigheid van sy diensmeisie raakgesien.*
*Kyk, van nou af sal alle geslagte my gelukkig noem,*
*want die Magtige het groot dinge vir my gedoen –*
*ja, heilig is sy Naam.*
- *Lukas 1: 46 tot 49 (202*0)



Ons weet ook dat God haar beskerm het omdat Hy in 'n droom aan Josef verskyn het. Toe Josef aanvanklik geleer het van Maria se swangerskap, wou hy die verlowing stilletjies verbreek. Dit sou vir hom 'n groot skande gewees het om met haar te trou. God het egter die situasie aan hom verduidelik en ook vir hom gesê dat hy nie bang hoef te wees nie. Josef was gerus gestel en het die dorp se mense met hul praatjies aangedurf. Josef en Maria het hierdie situasie as 'n seën gesien en het Jesus met liefde en in die leer van God groot gemaak.

In plaas daarvan om na hierdie seisoen te kyk as "silly season," kan ons eerder na dit kyk as "*Die Verlosser se seisoen*". Die jaar is amper klaar, maar daar is nog tyd om die dinge te doen wat ons wil doen. Die doelwitte wat ons wou bereik en moontlik nie bereik het nie, is nie die einde van die wêreld nie, want God sê vir ons dat ons nie bang hoef te wees nie.

Die tydlyn van die wêreld is nie dieselfde as God se tydlyn nie, so daar is nog tyd. Die geweld en diefstal om ons kan ons eerder sien as 'n geleentheid om te bid. Bid dat God ons sal bewaar en ook die harte van die misdadigers sal aanraak sodat Sy wil sal geskied. Onthou dat Jesus ons nooit alleen los nie, ook nie in die eensaamheid wat soms deel

van hierdie seisoen is nie. Hy sit saam met ons en luister na elke bekommernis of storie van geluk. Kerstyd gaan nie oor die duur geskenke wat vir ander gegee kan word nie. Dit gaan oor die herdenking van Jesus wat Mens geword het vir ons. Dit gaan oor die bevestiging dat Jesus vir ons gekies het en dat ons verlos is as gevolg van Sy genade en Sy onvoorwaardelike liefde vir ons.

Laat ons saam hierdie seisoen nader soos Maria haar situasie benader het. Laat ons 'n loflied sing tot eer van God en laat ons opnuut besef dat God ons raaksien. *Lisa Holtzhausen / Grafika – Internet JW Pepper*

*(Ds Lisa Holtzhausen, wat een van ons lidmate is, het 'n ses-maande kontrakpos as leraar by die NG Kerk Ellisras-Wes aanvaar. - Red)*

**ONS SENIOR BURGERS (80 jaar en ouer)**
Baie geluk en seën vir die nuwe lewensjaar. *Moet oor niks bekommerd wees nie, maar maak in alles julle versoeke deur gebed en smeking met danksegging aan God bekend - Filippense 4:6 (2020)*
**Oktober:**
**01 – Johan Joubert (84):** Dit gaan goed met hom. Hy sê sy vrou sorg nog goed vir hom, hy het nie klagtes nie.
**05 – Piet Meyer (80):** Ons kon nie daarin slaag om hom te kontak nie.
**12 – Annè Opperman (87):** Tannie Anné het 'n tyd gelede geval en baie seergekry. Na 'n operasie is sy weer op die been maar die pad na herstel is nog lank. Sy gaan binnekort vir 'n maand na Nelspruit om te kuier en aan te sterk.
**14 – Krimpie du Preez (86):** Dit gaan baie goed. Is vol dankbaarheid vir goeie gesondheid, bly baie lekker en het regtig nie klagtes nie.
**21 – Doris Lindeque (81):** Sy loop baie moeilik maar is verder gesond. Baie dankbaar.
**21 – Lehane Rothman (82):** Sy voel soms 'n bietjie broos, maar as sy voel of haar voete gly, dan steun sy vas op Ps 94:18 en 24 en kry weer krag om aan te gaan.
**November:**
**03 – Annetjie van Lill (91):** Dit gaan baie goed met tannie Annetjie. Sy geniet goeie gesondheid en ontvang genade op genade.
**07 – Amanda Buys (81):** Dit gaan goed, sy is dankbaar dat sy nog gesond is.
**11 - Babes Roberts (83**): Dit gaan goed. Sy bene is baie seer maar hy gaan nog aan met allerhande werkies.
**19 – Dolf Lategan (83):** Oom Dolf het onlangs 'n pasaangeër ontvang en dit gaan goed.
**21 - Sally Coertze (93**): Tannie Sally het geval en haar heup gebreek. Sy was in die hospitaal maar is nou terug in Amot en dit gaan beter.
**27 – Hannetjie Pieterse (84):** Dit gaan goed onder omstandighede. Sy loop baie swaar en sien uit na 'n heupvervanging vroeg in Januarie sodat

sy weer beter kan loop.
**Desember:**
**03 – Susan Myburgh (82):** Na nog ‘n operasie het die wond mooi genees en sy moet nou gaan vir fisioterapie. Die herstelproses sal lank vat maar dit gaan goed.
**12 - Joey Cronjé (88):** Dit gaan goed met haar. Sy bly nog in haar huisie en geniet haar tuin.
**12 – Dawie Smit (87):** Te midde van ander probleme is sy bene baie swak en hy benodig nou voltydse versorging. Daarom is hy nou byna permanent by sy dogter in Pretoria.
**12 – Fransie Denner (80):** Volgens ons inligting woon sy nou by haar dogter in Fochville.
**12 – Maureen Geyser (81):** Dit gaan goed, sy het nie klagtes nie. Sy bly nog in haar huis en “kap maar aan so op haar eie”.
**15 – Hannes de Swardt (88):** Geen klagtes nie. Baie dankbaar dat hy nog alles wat nodig is kan doen.
**19 – Joey Weideman (89):** Sy bly besig en is dankbaar dat dit goed gaan. Sy gaan volgende week na haar kinders om lekker lank te kuier.
**30 – Nick Olivier (80):** Dit gaan baie goed. Hulle is nog bedrywig en ry baie rond.

## BEROEPING VAN ‘N NUWE LERAAR

Nadat daar probleme met die eerste beroepingsproses was, is daar besluit om die hele proses vir die beroeping van ’n nuwe leraar vir Parys-Wes, onder leiding van die Ring, oor te doen. Gemeentelede is gevra om name van potensiële kandidate voor te lê vir oorweging. Ds Willie Griesel van die NG gemeente Hertzogville op Dinsdag, 11 November 2025 tydens ’n spesiale Kerkraadsvergadering beroep en hy moet teen 9 Desember aandui of hy die beroep aanvaar.

*Dries*

## *NUWE INTREKKERS*

Hartlik welkom aan Leonard, Corrine en Thelma. Ons vertrou dat jul lidmaatskap van NG Parys-Wes vir jul tot seën sal wees. Ons wil jul uitnooi om by een van die diensgroepe betrokke te raak. Kontak gerus die kerkkantoor om te hoor waar jy kan help.

| Naam | Van | Vorige gemeente | Wyk |
|---|---|---|---|
| Leonard en Corinne | Strange | NG Port Elizabeth, Hoogland | Reading |
| Thelma | Herbst | NG Selection Park, Springs | Wes |

*Die Bybel is die venster waardeur ons na die ewige lewe kyk. - Anoniem*

**SCHONKENVILLE BASAAR – 5 SEPTEMBER 2025**

NG Parys-Wes het weer vanjaar, soos ook in die vorige jare, die verantwoordelikheid aanvaar om tydens die NG Kerk Schonkenville se jaarlikse basaar op 5 September die pannekoek te voorsien. Die ander Parys-gemeentes is ook betrokke en hulle sorg vir van die ander stalletjies. Parys-Wes het vooraf 3 emmers deeg aangemaak en daar is vanaf 16:00 begin met die bak. Teen die tyd dat die basaar begin het, was daar ‘n mooi voorraad pannekoeke en dit het vinnig minder geword. Die gevolg – daar was nooit ‘n lang tou nie. Pannekoeke is teen R5.00 stuk verkoop en die mooi bedrag van R1843 was ons bydrae vir Schonkenville se basaar.

Dankie aan almal wat betrokke was. *Suna*

**JOSEF EN DANIËL - PARALLELLE**

*Daniël is die tweede karakter wat Adam Gertenbach bestudeer het en waaroor hy ‘n bydrae vir die Posduif geskryf het. Die eerste was oor Josef en die stuk, Eerste Liefde – Die Prys, is in die tweede kwartaal vanjaar se Posduif. Hy het na die parallelle tussen die twee persone se lewens gekyk en homself die vraag afgevra hoe sou hy, hier in die een en twintigste eeu, opgetree het as hy in dieselfde spervuur as Josef of Daniël was. Hier volg eers die stuk oor Daniël en daarna die parallelle wat Adam in die twee lewens gesien het. Red.*

**Kompromieë**

Die een-en-twintigste eeuse man en vrou ontmoet die jongman Daniël waar hy teen sy wil opgeneem is in diens van die heidense koning Nebukadnesar van Babel.

Om Daniël se kultuur en Godsdiens in die heidense manier van doen te laat verswelg, moes Daniël onderwerp word aan 'n paar "koninklike bepalings". Omdat Daniël besef het dat hierdie voorskrifte bedoel is om hom van sy God te vervreem, het hy geweier om aan die koning se bepalings te voldoen.

Met die loop van tyd het koning Nebukadnesar ál meer beïndruk geraak met Daniël se uitmuntende diens en administrasie. Die Bybel sê dat Nebukadnesar besef het dat Daniël se God by hom was. Om hierdie rede het hy 'n blinde oog gehou vir Daniël se weiering om die koning se voorskrifte te gehoorsaam.

Daniël het ook diens gedoen in die regering van Nebukadnesar se opvolgers. Toe Darius, die Mediër, troonopvolger van Babel geword het, was hy só beïndruk met Daniël se voortreflike administrasie, dat die

nuwe koning vir hom in 'n pos wou aanstel gelykstaande aan dié van onderkoning. Hiervan het Daniël se kollegas net niks gehou nie en hulle het besluit om Daniël permanent uit die weg te kry, sodat hy nie verdere kompetisie vir hulle sou wees nie. Hulle kon geen swak plek in Daniël se administrasie vind nie en besluit toe om Daniël se Godsdiens te gebruik om hom te elimineer. Die manne vertel toe vir Darius dat al die ministers en ander hoofamptenare besluit het dat die koning 'n proklamasie moet uitvaardig dat "enigiemand wat gedurende dertig dae enige god of mens aanbid behalwe vir u, u majesteit, in 'n leeukuil gegooi moet word". Darius het so gevlei gevoel dat hy in hulle strik getrap en sommer dadelik die proklamasie uitgevaardig het. Weereens het Daniël volstrek geweier om 'n kompromie aan te gaan ter wille daarvan om sy eie lewe te red. Hy sou eerder 'n wrede en grusame dood sterf, maar hy sou nié sy God verloën nie. Te laat het Darius besef dat hy in 'n hinderlaag gelei is toe Daniël se mede-kandidate om die pos as onderkoning vir hom vertel dat Daniël nie die koning se dekreet gehoorsaam het nie en daarom vir die leeus gevoer moes word. Toé eers het Darius se oë oopgegaan, maar hy moes erken dat die manne se vleitaal sy ego gebruik het om hom soos 'n dwaas te laat optree en dat hy die proklamasie as 'n onveranderlike wet van Mediërs en Perse gestand sou moes doen.

Die oggend nadat Daniël vir die leeus gevoer is, is Darius vroeg leeukuil toe en tot sy vreugde het Daniël nie 'n letsel aan hom gehad nie. "God het die leeus se bekke gesluit, want ek het niks teen u, o koning óf teen God verkeerd gedoen nie," was Daniël se welkomsgroet - dié woorde het soos musiek na die koning se ore toe gekom.

- Die afgelope tyd praat die Here met my deur karakters in die Bybel. Twee mense, wat 'n paar honderd jaar uit mekaar geleef het, was Josef en Daniël. Toe ek na dié twee manne se onderskeie sinkplaatpaaie kyk, kom ek toe op 'n hele paar parallelle af wat ek hier graag SINOPTIES wil noem:
- Albei het grootgeword in aristokratiese agtergronde;
- Albei het teen hulle sin in heidense regeringshuise beland;
- Albei se uitnemende karakters en stiptelike werksvermoë het gesorg dat hulle vinnig opgang gemaak het in heidense vorstehuise, al was hulle 'n Joodse banneling en 'n slaaf;
- Hierdie "opneem" in heidense senior poste het meegebring dat van albei verwag is om heidense praktyke, wat teen God se wil was, te beoefen;

- Beide se liefde vir hul God het gemaak dat hulle geweier het om te doen wat van hulle verwag was, maar wat teen hulle God se wil was, ongeag die feit dat hulle daardeur "lewenslange tronkstraf" of dodelike vervolging vir hulle op die hals gehaal het;
- God het beide se volharding om Hom alleen te gehoorsaam, dien en eer beloon deurdat Hy beide tot onderkoning van die land, waar hulle teen hulle wil was, bevorder het;
- Dat beide se volharding om hulle God alleen te dien, ongeag wat dit vir hulle sou inhou, veroorsaak het dat hulle Godsdiens deur heidense konings erken en gerespekteer is.

My kwelvraag is nou of daar in die een-en-twintigste eeu nóg sulke parallelle bestaan - hoe sou ék optree as ek in dieselfde spervuur as Josef of Daniël moes beland? *Adam Gertenbach*

**PARYS-WES HOU VLOOIMARK**

Ons het hierdie jaar weer ’n klompie goed vir die vlooimark ontvang maar dit was aansienlik minder as verlede jaar. Die voorbereiding is altyd ’n intensiewe deel van die projek want alles moes uitgepak, skoongemaak en geprys word. Die span wat dit gedoen het, het van Maandag tot Vrydag hard gewerk om alles gereed te kry.

Op Saterdag, 1 November is die deure oopgegooi en daar is weer lekker saamgekuier en almal het gesnuffel vir daardie spesiale item. Daar was ook pannekoek, koffie, tee en koeldrank beskikbaar. Die opbrengs van die Vlooimark was R6 900.00.

Baie dankie aan al die skenkers, die span wat gesorg het dat die saal gereed kom en elkeen wat die mark ondersteun het. *Dries*



*Daar is geen kussing so sag as 'n skoon gewete nie. – Franse spreekwoord*

## FUNKSIE VIR SENIOR BURGERS - 13 OKTOBER 2025

Op 13 Oktober is sowat 35 senior burgers bo 70 weer by Deo Volente deur die kerkraad onthaal. Hierdie is 'n jaarlikse instelling en ons sê dankie aan Willie Burger vir die gereelde uitnodiging. Daar is saam gesing, Bingo gespeel en 'n noot-vir-noot-kompetisie is gehou. Die beloning, heerlike sjokolade.

Terwyl hierdie speletjies aan die gang was het Ivan die vuur aangesteek en Gideon en Phillip het hom gehelp braai. Christie en ander het gesorg dat daar ook lekker slaaie en brood was en almal kon heerlik smul. Die ete is afgesluit met 'n bakkie roomys en 'n koppie koffie.

Baie dankie aan ds Barry wat die geleentheid paslik geopen het en daarna die speletjie-leier was. Dankie ook aan Hermien wat klavier gespeel het, aan Christie vir die dag se reëlings en Ivan-hulle vir die hulp met die voorbereidings om die dag vir die seniors 'n sukses te maak. Dit word waardeer! Ons maak volgende jaar weer so. *Dries*



## DIE WAARDE VAN 'N BYBELKIOSK IN ONS GEMEENTE




'n Bybelkiosk is nie net 'n stalletjie met boeke nie – dit is 'n plek waar mense die lewende Woord van God kan ontdek en ervaar. By ons kiosk kan lidmate en besoekers Bybels, dagstukkies, Christelike boeke en inspirerende geskenke vind wat geloof versterk en hoop bring.



Hierdie bediening herinner ons daaraan dat die Bybel die hart van die gemeentelewe is. Deur 'n eenvoudige gesprek of die aankoop van 'n boek kan iemand aangeraak word deur die waarheid van God se Woord.

Ons Bybelkiosk bied ook die geleentheid om sendingwerk en Bybelverspreiding te ondersteun – elke aankoop dra by tot die groter roeping om die

evangelie uit te dra.

Kom loer gerus by die kiosk in, ontdek iets vir jouself of iemand anders en wees deel van die groeiende bediening. Waar God se Woord geplant word, bring dit altyd lewe.

*U Woord is 'n lamp vir my voet en 'n lig vir my pad*.

Ds Lukas Meyer het met sy besondere vaardigheid om met hout te werk, 'n kabinet vir die kiosk gebou. Die kabinet staan nou in die voorportaal van die kerksaal maar kan maklik volgens behoefte verskuif word Ons opregte dank aan ds Lukas en Suna vir hul groot aandeel in die uitbouing van ons Vader se Woord. *Hannes Foto: Phillip*




***NGK PARYS-WES - KERSSANGDIENS***

*Sondag, 14 Desember 2025 om 18:00*

*Die Kerssangdiens word in die kerk gehou en ds Barry sal dit lei.*

*Kom deel in die gees van die Christusfees.*

*ALMAL WELKOM*

*Grafika - Internet*

**TIENDE-MAAND DANKOFFER**




Dit is vanjaar die vierde jaar waar die gemeente gevra is om 'n spesiale tiende-maand dankoffer te gee. Hier moet ons fokus wees op dankbaarheid. *2 Korinthiërs 9 : 7 "Elkeen moet gee soos hy hom in sy hart voorgeneem het, nie met teensin of uit dwang nie, want God het die blymoedige gewer lief".* Dit is nie maar net 'n dankoffer nie. Hiermee sê ons vir God dankie vir sy genade en alles wat Hy vir ons gedoen het en nog steeds doen. Dit wat ons het, kom van Hom af. Dit is 'n offer van dankbaarheid!

Dankie aan elkeen wat 'n bydrae gemaak het. Die dankoffer het R17 500.00 beloop teenoor verlede jaar se R24 400.00. Ons is dankbaar daarvoor! *Dries -- Grafika: Pierneef-gemeente*

**NG PARYS-WES SE 2025- VISVANGKOMPETISIE**

Die jaarlikse visvang kompetisie het weer die 18de Oktober plaasgevind. Daar was 62 hengelaars teenoor verlede jaar se 37.

SP van Koppies het met die eerste prys en Willem van Battery Centre met die 2de prys weggestap. Willem het met 'n totaal van 17 visse geëindig.

*Baie dankie aan Battery Centre, O's Restaurant en Crater Coffees wat die pryse geborg het.*

Dit was 'n heerlike sonskyndag, bietjie winderig maar almal het dit baie geniet. Die Jeug het 'n paar opsies hoe hul die R11 000 wat hul met die dag ingesamel het, gaan gebruik. Ons dank die Heer vir 'n geseënde dag! *Yolandè Potgieter*



*Foto:: Willem en Riaan Maritz – Beoordelaar.*

**KERKDIENSTE GEDURENDE DESEMBER**

- **GESAMENTLIKE KERKDIENSTE IN DESEMBER OM 09:00.**
  - **Sondag 14 – NG Parys-Wes**
  - **Sondag 21 – NG Suid**
  - **Sondag 29 – NG Moedergemeente**
- **KERSDIENS – Donderdag 25 Desember 2025 -**
  **By NG Parys-Wes om 09:00.**
- **OUJAARSDIENS – Woensdag, 31 Desember 2025 -**
  **By NG Parys-Wes om 18:00**

**PARYS KERS- EN KUNSMARK 2025 WEER BY PARYS-WES**

Die Parys Kers- en Kunsmark vind weer vanjaar vanaf 12 – 20 Desember in ons kerksaal plaas. Die teetuin word deur ons Gemeente bedryf en die fondse wat gegenereer word is ten bate van die gemeente.

Besoek asseblief die mark en kom ondersteun die teetuin waar jy lekker buite onder die bome kan sit terwyl jy iets eet of drink. Die eetgoed is altyd uit die boonste rakke. ***Ons het jou hulp nodig.*** Die helpers word in spanne opgedeel, en werk slegs 2 of 3 dae.

Dames en mans wat bereid is om by die teetuin te help, moet asseblief vir Corina (082 256 8729) of die kerkkantoor (056 811 5316) skakel. Baie dankie. Jul hulp sal opreg waardeer word. *Dries*

## KERSKOSPROJEK 2025

Die Diensgroepe Getuienis en Diens van Barmhartigheid wil baie dankie sê aan elkeen wat 'n bydrae vir hierdie verdienstelike saak gemaak het of nog gaan maak. Dit word hoog op prys gestel en die ontvangers is baie dankbaar daarvoor.

Daar sal in die volgende Posduif terugvoer gegee word oor die inkomste en uitgawes vir die projek.

## EENDJIES KLEUTERSKOOL – SCHONKENVILLE

Op Saterdag 8 November om 14:00 het die ongeveer 25 Eendjies in 'n oop tent op die speelgrond voor die skool konsert gehou. Die opening en verwelkoming is gedoen deur mev Portia Slemmerts, skoolhoof en klasjuffrou.



'n Mooi verskeidenheid liedjies waaraan vir weke hard geoefen is, is aangebied. Dit het die volgende ingesluit: *1,2 Buckle my shoe; Rooi sê die rooi lig; Loof hom met die tromme; Dit borrel in my hart; I am a child; Maandag is dit wasdag; We learn to read; Val reëntjie val; I am special; Die wiele van die bus; ens.*

Ouers, oupas en oumas, boeties en sussie is spesiaal uitgenooi, kerrie en rys en lekker koeksisters was te koop en pappas kon maar die "koelboks" saambring.

Dié poging van juffrou Portia en helpers, was om bietjie fondse bymekaar te maak vir die skool se behoeftes.

*Liewe gemeente, hou asseblief hierdie skooltjie met sy kindertjies ook op u voorbiddingslysie.* *Suna*

## KERS PIK-EN-PROE

Die Kers Pik-en-Proe op 14 November 2025 was weer ‘n gesellige geleentheid waar mense lekker saam ge-eet en gekuier het. Soos gewoonlik, was die saal mooi voorberei en die kos weer heerlik. Enigiemand wat gedink het dat jy nie genoeg kan eet as jy met ‘n teelepel moet opskep, moet ‘n keer saam kom eet.



Daar was ongeveer 40 mense en dit is so jammer dat die geleenthede nie beter bygewoon word nie.

Hartlike dank aan almal wat gehelp het om die saal reg te kry en elkeen wat ‘n dis gebring het. Dit was weereens ‘n feesmaal.

## *2025 SE MATRIEKS*

*Die matriek-eksamens is afgehandel en nou die groot wag.*

Julle het julle deel gedoen en nou lê daar harde werk oor vir baie eksaminatore wat die nasienwerk moet doen sodat julle jul uitslae teen ongeveer middel Januarie kan kry. Ons vertrou saam met julle dat die uitslae goed is en beste wense vir die volgende lewensfase wat jul nou betree.

## GLENNIFER KERSETE 2025

Die inwoners van Glennifer is weer op 18 November met 'n heerlike Kersete bederf en hulle het dit volgens alle aanduidings baie geniet.

Dankie aan die dames wat die etes voorberei het en ook aan gemeentelede wat op een of ander wyse bygedra het om hierdie etes moontlik te maak.

Die foto van **Parys-Wes se kerkraad** is na afloop van die Nagmaal, tydens die 65ste verjaarsdagvieringe van die gemeente op 14 September 2025, geneem.

*Foto:Hansie Bekker*



*Die Posduif-redaksie wens al ons medewerkers en lesers 'n baie Geseënde Kersfees en voorspoedige 2026 toe. Baie dankie aan al ons medewerkers vir hul bydraes. Daarsonder sal dit nie moontlik wees om Die Posduif elke kwartaal te publiseer nie.*

*Kommentaar oor of bydraes vir die Posduif kan gestuur word aan Hansie of Elize Bekker by hansieb@lantic.net. Foonnommer: 082 820 4306.*